higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR-VLAK 2

(3011002)

27 Februarie 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n antwoordboek van 14 bladsye.

077Q2S2027

Copyright reserved

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon alle berekenings.
5. Die tabel hier onder dui aan hoeveel tyd jy moet spandeer om elke vraag te beantwoord.
6. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	TYD
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	18 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	27 minute
3	Berekenings	30	27 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	36 minute
5	Oorboeking na algemene grootboek	30	27 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	27 minute
7	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die algemene grootboek bestaan uit die … afdeling.

A debiet- en krediet-
B proef- en balansstaat-
C dubbelinskrywing- en balans-
D balansstaat- en nominale

1.2 Bereken die totaale bates op grond van die inligting hier onder:

Los kontant R580; toerusting R1 790; kleinkas R450; meubels R3 800.

A R2 290
B R6 620
C R5 590
D R4 250

1.3 Die joernaalinskrywing vir die aankoop van 'n kantoorstoel op krediet is debiteer …

A toerusting en krediteer krediteurekontrole.
B bank en krediteer toerusting.
C krediteurekontrole en krediteer toerusting.
D toerusting en krediteer krediteurekontrole.

1.4 'n Voorbeeld van 'n onderneming wat 'n diens lewer, is 'n …

A onderneming wat houtprodukte vervaardig en verkoop.
B onderneming wat mode-items koop en teen 'n wins verkoop.
C rekenmeestersfirma wat boekhoudienste aan ondernemings voorsien.
D supermark wat kruideniersware, klere en elektroniese items verkoop.

1.5 Indien 'n handelswinkel met 'n positiewe banksaldo van R2 430 'n bedrag van R835 ontvang en R490 uitbetaal, sal daar ... in sy bankrekening oor wees.

A R3 265
B R2 775
C R2 085
D R3 755

Kopiereg voorbehou

1.6 Bepaal die verkoopprys indien 'n onderneming goedere vir R675 koop en dit teen 'n wins van 10% verkoop.

A R742,50
B R665,00
C R685,00
D R607,50

1.7 … is 'n voorbeeld van 'n niebedryfslas.

A Verbandlenings
B Handelskrediteure
C Bankoortrekkings
D Salarisse

1.8 'n Debiteur se uitstaande saldo is R1 430. Bereken die totale bedrag betaalbaar op die debiteur se staat, nadat rente van 12% per jaar gehef is.

A R171,60
B R1 258,40
C R1 442,00
D R1 601,60

1.9 Die eienaarsbelang … wanneer 'n uitgawe betaal word.

A styg
B daal
C vermenigvuldig
D verbeter

1.10 'n Debiteur se tjek wat deur die bank gemerk as V/T teruggestuur word, word in die ... joernaal ingeskryf.

A kontantontvangste-
B debiteure-
C kontantbetalings-
D algemene

1.11 Kwitansies, tjekteenblaaie en debietnotas is voorbeelde van ... dokumente.

A sekondêre
B stawende
C aanvullende
D bron-

1.12 'n … ontvang skenkings om die organisasie te bedryf.

A Openbare maatskappy
B Organisasie sonder winsoogmerk
C Kollektiewe maatskappy
D Korporasie

Kopiereg voorbehou

1.13 … kan omskryf word as die sortering, optekening en verslagdoening van transaksies in 'n onderneming.

A Administrasie
B Rekeningkunde
C Bestuur
D Toesig

1.14 Bereken die laste van 'n onderneming as sy bates R105 750 is, en sy eienaarsekwiteit R65 450 is.

A R40 300.
B R171 200.
C R45 225.
D R89 300.

1.15 Die dubbelinskrywing wat gemaak word om op te teken wanneer die eienaar handelsvoorraad vir sy eie gebruik neem, is:

A Debiteer bank en krediteer onttrekkings.
B Krediteer onttrekkings en debiteer handelsvoorraad.
C Debiteer onttrekkings en krediteer bank.
D Debiteer onttrekkings en krediteer handelsvoorraad.

1.16 Die totaal van die krediteurekontrole-kolom in 'n onderneming se kontantbetalingsjoernaal verteenwoordig betaling …

A ontvang vir voorraadaankope.
B gedoen vir die kontantaankope van voorraad.
C gedoen vir voorraad wat voorheen op krediet gekoop is.
D gedoen vir verskeie items gekoop.

1.17 A … word voltooi om betaling vir uitgawes van 'n klein geldwaarde op te teken.

A kleinkasbewys
B duplikaatkwitansie
C kasregisterrol
D belastingfaktuur

1.18 Die geld wat deur die eienaar van 'n onderneming voorsien word, staan bekend as …

A kontant.
B kapitaal.
C welvaart.
D muntgeld.

1.19 … -rekeninge word gekrediteer omdat dit die eienaarsbelang verhoog.

A Laste
B Inkomste
C Bate
D Uitgawe

Kopiereg voorbehou

1.20 Die hoofbron van inkomste vir 'n sportklub is …

A kapitaalbydraes.
B dividende ontvang.
C lidmaatskapgelde.
D rente op 'n lopende rekening.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 2.1.1 'n … maatskappy het 'n minimum van 2 aandeelhouers.

2.1.2 Die eienaars van 'n beslote korporasie word ... genoem.

2.1.3 Die naam van 'n … maatskappy eindig met (Edms) Bpk.

2.1.4 Die persoonlike bates van 'n ... kan in beslag geneem en verkoop word om die onderneming se skuld te betaal.

2.1.5 In 'n … deel die eienaars die wins en die verliese ingevolge 'n ooreenkoms.

(5 × 1) (5)

2.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Interne dokument wat betaling vir kontantaankope aandui	A	kredietaankope-faktuur
2.2.2	Stawende dokument wat onttrekkings en deposito's aandui	B	kredietverkoopsfaktuur
2.2.3	Dokument wat gebruik word wanneer beskadigde dokumente aan die onderneming terugbesorg word	C	kredietnota
2.2.4	Duplikaatdokument wat 'n onderneming gebruik wanneer dit goedere op krediet verkoop	D	tjekteenblad
2.2.5	Oorspronklike dokument wat deur die onderneming verskaf word, wat aandui dat goedere op krediet gekoop is	E	joernaalbewys
		F	bankstaat
		G	kasregisterstrokie

(5 × 1) (5)

2.3 Verduidelik kortliks elk van die terme hier onder. Gee EEN voorbeeld van elke term.

2.3.1 Bedrysfbate

2.3.2 Bedryfslas

2.3.3 Niebedryfsbate

(3 × 2) (6)

2.4 Verduidelik kortliks elk van die volgende rekeningkundige terme:

2.4.1 Slegte skuld

2.4.2 Krediteurelys

(2 × 2) (4)

2.5 Kies EEN woord of term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf dit langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

kontantbetalingsjoernaal; kredietnota; debietnota; krediteuregrootboek; kredietperk; debiteurekortingsjoernaal; handelskorting; krediteurejoernaal; krediteurekortingsjoernaal

2.5.1 'n Verskaffer kan aan 'n besigheid hierdie vermindering op 'n faktuur toestaan

2.5.2 Gebruik om alle individuele verskaffertransaksies en -saldo's op te teken

2.5.3 Joernaal wat gebruik word om terugsendings van voorraad deur klante op te teken.

2.5.4 Joernaal wat gebruik word om betalings aan krediteure op te teken.

2.5.5 Aan 'n verskaffer uitgereik as bewys dat 'n item teruggestuur is.

(5 × 1) (5)

2.6 Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.6.1 'n Aankoopfaktuur word in die (debiet/krediet)-kolom van die krediteuregrootboek ingeskryf.

2.6.2 'n Betaling aan 'n krediteur word in die (debiet/krediet)-kolom van die kediteuregrootboek ingeskryf.

2.6.3 'n Korting wat deur 'n krediteur toegestaan word, (verhoog/verlaag) die krediteur se rekening.

2.6.4 Die krediteurekolom in die krediteurekortingsjoernaal word na die (debiet/krediet)-kant van die krediteurekontrolerekening oorgeboek.

Kopiereg voorbehou

2.6.5 'n Krediteur is 'n (niebedryfs/bedryfs)-las.

(5 × 1) (5)
[30]

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende tabel deur die ontbrekende inligting langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.2) in die ANTWOORDBOEK in te vul. Toon al jou bewerkings.

KOSPRYS	*PRYSTOESLAG/WINS*	*VERKOOPPRYS*
3.1.1	25%	R4 225
R7 355	40%	**3.1.2**

(2 × 2) (4)

3.2 P. Petal, 'n debiteur, is insolvent verklaar, en sy onderneming ontvang 60c in die rand uit sy boedel. Die saldo is oninvorderbaar. Die bedrag wat deur P. Petal verskuldig is, is R6 120.

3.2.1 Bereken die bedrag ontvang uit P. Petal se boedel. (2)

3.2.2 Bereken die bedrag wat as oninvorderbaar afgeskryf sal word. (2)

3.3 Voltooi die volgende debiteuregrootboek vir Photo Traders vir Junie 2018 en skryf die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Toon al jou bewerkings.

Datum	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Saldo
3	Rekening gelewer	a/b			R8 355
7	Kwitansie 342	**3.3.1**		R3 300	**3.3.2**
13	Kwitansie 342 (korting)	KOJ		R55	**3.3.3**
22	Faktuur 449	DJ	R780		R5 780
27	Kredietnota 74	**3.3.4**		R180	R5 600
30	Joernaaldebiet	AJ	R90		**3.3.5**

(8)

3.4 Voltooi die volgende krediteure-ouderdomsontleding van Feast.com op 30 April 2018 vir die krediteure hier onder genoem. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Januarie	Februarie	Maart	April	Saldo	Krediteur
90 dae	*60 dae*	*30 dae*	*Lopend*		
0	R1 020	R3 210	**3.4.1**	R5 240	Bites CC
R420	0	R850	R170	**3.4.2**	Meat Stores
			Totaal	**3.4.3**	

3.4.1 Bereken die lopende bedrag vir Bites CC. (3)

3.4.2 Bereken die saldo vir Meat Stores. (3)

3.4.3 Bereken die totaal verskuldig aan al die krediteure op 30 April 2018. (1)

3.5 Bereken die rente gehef deur 'n krediteur op 'n agterstallige bedrag van R6 230 vir vyf maande. Die rentekoers is 21% per jaar. Rond die antwoord af na TWEE desimale. (3)

3.6 Voltooi die volgende algemenegrootboek-rekening vir Toerusting. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

DT **ALGEMENE GROOTBOEK VAN CARNATION EVENTS** KT
TOERUSTING **B5**

Junie 1	Saldo	a/b	R148 000	Junie 30	Krediteurekontrole	KKJ	R2 999
30	Bank	**3.6.1**	R8 999		Saldo	a/b	**3.6.2**
			3.6.3				**3.6.3**
Julie 1	Saldo	a/b	**3.6.4**				

(4 × 1) (4)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Party Groove verkoop toebehore vir partytjies. S. Sparkle, die eienaar, gebruik die deurlopende voorraadstelsel. 'n Prystoeslag van 70% op die kosprys word gebruik. Gebruik die inligting en brondokumente hier onder om die besonderhede van die hulpjoernale vir 31 Maart 2018 in te skryf. GEEN verduidelikings word vir die algemene joernaal vereis nie. Moet NIE die joernale afsluit nie.

4.1 Kontantontvangstejoernaal (13)

4.2 Kontantbetalingsjoernaal (11)

4.3 Debiteurejoernaal (4)

4.4 Debiteurekortingsjoernaal (2)

4.5 Krediteurejoernaal (5)

4.6 Krediteurekortingsjoernaal (2)

4.7 Algemene joernaal (3)

OORSPRONKLIKE AANKOOPFAKTURE

PARTY HATS, ETC.



Datum: 2 Maart 2018 Belastingfaktuurno. 542 Rekeningno. PH12

Aan: PARTY GROOVE
Adres: Twinkle Park 15, Glimmertown

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys (elk)	Bedrag
10 bokse	Klatergouddekor	R150	R1 500
50	Verskeidenheid partytjiehoede	R210	R10 500
100	Verjaarsdagbaniere	R50	R5 000
50	Ballonne – silwer en goud	R10	R500
		Totaal	R17 500



Tinsel Traders

Rekeningno. TS 42 Datum: 12 Maart 2018
Belastingfaktuurno. 89

Aan: Party Groove
Adres: Twinkle Park 15, Glimmertown

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys (elk)	Bedrag
10 bokse	Ballonne – alle kleure	R160	R1 600
1	Helium-ballonmasjien – sakegebruik	R6 340	R6 340
		TOTAAL	R7 940

KASREGISTERROLLE

Datum : 11 Maart 2018	R	c
Kasregisterrol no. 63	4 012	00

Datum : 21 Maart 2018	R	c
Kasregisterrol no. 64	11 101	00

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATKWITANSIES

PARTY GROOVE Kwitansieno. 76	Datum: 01-03-2018	
	R	c
Ontvang van: S. Sparkle **Vir:** Addisionele kapitaalbydrae **Bedrag**: Veertigduisend rand alleen	40 000	00
	Dankie - T Twinkles	

PARTY GROOVE Kwitansieno. 77	Datum: 19-03-2018	
	R	c
Ontvang van: JK Flash **Vir:** Rekeningvereffening – 10% korting toegestaan **Bedrag**: Vierduisend-tweehonderd-en-dertig rand alleen	4 230	00
	Dankie - T. Twinkles	

PARTY GROOVE Kwitansieno. 78	Datum: 29-03-2018	
	R	c
Ontvang van: Mev Shimmer **Vir:** Huur ontvang **Bedrag**: Dertigduisend rand alleen	30 000	00
	Dankie - T. Twinkles	

DEPOSITOSTROKIES

Datum	Bedrag
11 Maart 2018	R44 012
29 Maart 2018	R45 331

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAAT-KREDIETVERKOOPSFAKTURE



PARTY GROOVE

Adres: Twinkle Park 15, Glimmertown.
Faktuurno. 987 Datum: 10 Maart 2018

Aan: G. Glamour Adres: Flicker Way 18, Sparkle Estates

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
1 boks	21ste partytjiehoede	R490	R490
1	21ste banier	R95	R95
1 boks	Servette	R180	R180
		Totaal	R765



PARTY GROOVE

Adres: Twinkle Park 15, Glimmertown.
Faktuurno. 988 Datum: 24 Maart 2018

Aan: S. Sequins Adres: River View 4a, Rainbow City

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
50	Silwer ballonne	R12	R600
5	Partytjietema-uitrustings	R390	R1 950
		Totaal	R2 550

DUPLIKAAT-KREDIETNOTA

Datum	Besonderhede	Debiteur	Bedrag	Rede
12 Maart 2018	CN. 43 – 21ste partytjiehoede	G. Glamour	R272	Verkeerde grootte

DUPLIKAAT-DEBIETNOTA

Datum	Besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede
4 Maart 2018	DN. 112 - verjaarsdagbaniere	Partytjiehoede, ens.	R440	Verkeerde kleure

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

TJEKTEENBLAAIE

02/03/2018		
Aan: Kontant		
Vir: Los kontant		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	500	00
		No. 262

10/03/2018		
Aan: Hats and Props CC		
Vir: Voorraad – partytjiebenodigdhede		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	1 170	00
		No. 263

17/03/2018		
Aan: Cell Universe		
Vir: Telefoon – R1 120 Eienaar persoonlik – R310		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	1 430	00
		No. 264

19/03/2018		
Aan: Glass Hire Ltd		
Vir: Vereffening van rekening van R2 340. Korting – 5%		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	?	
		No. 265

29/03/2018		
Aan: XYZ Munisipaliteit		
Vir: Handelslisensie		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	530	00
		No. 266

JOERNAALBEWYSE:

PARTY GROOVE

JOERNAALBEWYS NO. 44

Datum: 18/03/2018

Aan: Rekeningeklerk	Van: S. Sparkle
Afslag van R189 moet op F. Dreary se rekening gekanselleer word, omdat die tjek deur die bank gedishonoreer is.	

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Die volgende saldo's en totale het in die boeke van Comedy Mask Traders op 30 April 2018 verskyn:

Debiteurekontrole	R8 450	Verkope	R15 580
Handelsvoorraad	R41 000	Huurinkomste	R1 000
Bank (ongunstig)	R7 220	Koste van verkope	R4 300

Die volgende bates het op 30 April 2018 in die hulpjoernale verskyn:

Algemene Joernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**GJ**
Joernaaldebiete (debiteurekontrole)	R560
Joernaalkrediete (krediteurekontrole)	R820

Debiteurejoernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**DJ**
Debiteurekontrole	R15 300
Verkope	R15 300
Koste van verkope	R10 200

Debiteurekortingsjoernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**DKJ**
Debiteurekontrole	R4 800
Debiteurekortings	R4 800
Koste van verkope	R3 200

Kontantontvangstejoernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**KOJ**
Bank	R42 510
Verkope	R19 440
Koste van verkope	R12 960
Debiteurekontrole	R6 320
Korting toegestaan	R1 250
Huurinkomste	R18 000

Kontantbetalingsjoernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**KBJ**
Bank	R28 570
Handelsvoorraad	R12 470
Lone	R7 590
Krediteurekontrole	R8 400
Korting ontvang	R1 130
Telefoon	R1 240

Krediteurejoernaal van Comedy Mask Traders – April 2018	**KJ**
Krediteurekontrole	R4 010
Handelsvoorraad	R2 840
Drukwerk en skryfbehoeftes	R1 170

Kopiereg voorbehou

Krediteurekortingsjoernaal van Comedy Masks Traders – April 2018	KKJ
Krediteurekontrole	R1 410
Handelsvoorraad	R990
Drukwerk en skryfbehoeftes	R420

Gebruik die inligting hier bo om die volgende algemenegrootboek-rekeninge vir Comedy Mask Traders op 30 April 2018 te voltooi. Balanseer/sluit af slegs die rekeninge soos aangedui.

5.1 Bank (balanseer die rekening) (5)

5.2 Handelsvoorraad (7)

5.3 Debiteurekontrole (8)

5.4 Drukwerk en skryfbehoeftes (sluit die rekening af) (5)

5.5 Huurinkomste (sluit die rekening af) (5)
[30]

VRAAG 6

Gebruik die volgende proefbalans van Occasion Events Traders om die volgende voor te berei op 31 Mei 2018, in die ANTWOORDBOEK:

6.1 Handelsrekening (4)

6.2 Wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 31 Mei 201 (12)

6.3 Balansstaat (11)

Toon slegs die AANTEKENING VIR KONTANT-EN-KONTANT-EKWIVALENTE by die balansstaat. (3)
[30]

PROEFBALANS VAN OCCASION EVENTS TRADERS OP 31 MAY 2018			
	Fol.	**Debiet**	**Krediet**
Balansstaatafdeling			
Kapitaal	B1		275 000
Onttrekkings	B2	70 900	
Grond en geboue	B3	250 000	
Voertuie	B4	100 000	
Toerusting	B5	80 700	
Handelsvoorraad	B6	13 250	
Debiteurekontrole	B7	56 650	
Bank	B8	49 660	
Kleinkas	B9	1 500	
Los kontant	B10	500	
Krediteurekontrole	B11		28 000
Nominalerekeninge-afdeling			
Verkope	N1		525 375
Koste van verkope	N2	129 700	
Debiteurekorting	N3	2 400	
Rente-inkomste	N4		1 125
Water en elektrisiteit	N5	7 470	
Lone	N6	22 500	
Skryfbehoeftes	N7	1 470	
Salarisse	N8	55 400	
Brandstof	N9	5 300	
Versekering	N10	3 200	
Telefoon	N11	2 900	
Huurinkomste	N12		24 000
		853 500	**853 500**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Eco Cups verkoop partytjiekoppies aan verbruikers. Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik en die prystoeslag op die voorraad is 30% op die kosprys.

Ontleed die brondokumente hier onder juit die boeke van Eco Cups. Dui aan watter rekening in die Algemene Grootboek gedebiteer moet word, en watter rekening gekrediteer moet word. Toon die uitwerkings op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n toename aan met +, 'n afname met – en geen uitwerking met 0.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD:

Tjekno. 678 vir R1 230 is aan Distriksmunispaliteit uitgereik om eiendomsbelasting te betaal.

Hulpjoernaal	*Algemene grootboek a/c*		*Bates*	*Eienaarsbelang*	*Laste*
	Rekening gedebiteer	*Rekening gekrediteer*			
Kontantbetalingsjoernaal	Eiendomsbelasting	Bank	-1 230	-1 230	0

7.1

Datum : 03 Junie 2018	R	c
Kasregisterrol no. 589	2 314	00

7.2



JOERNAALBEWYS NO. 55 **ECO CUPS LTD**

Datum: 16/06/2018

Aan: Rekenmeester	Van: S. Shine
'n Debiteur, Straws CC, is verkeerdelik met R920 gekrediteer in plaas van Bio Straws CC. Stel die fout reg.	

7.3

25/06/2018

Aan: The Factory CC

Vir: Volle vereffening van rekening

	R	c
Saldo		
Hierdie tjek	1 285	00

No. 872

7.4



ECO CUPS LTD

Kwitansie no. 76 Datum: 30-06-2018

	Rand	c
Ontvang van: Décor Design **Vir:** Huur van kantoorperseel **Bedrag**: Vyfduisend rand alleen	5 000	00
Dankie - *S. Shine*		

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou